

GOUDRIE



Waterkloofdam Hengel Oord (Kosterdam) verwelkom ons die eerste aand met die lieflike volmaan en weerkaatsing op die stil water... prentjie mooi!



▼roegaand is die vure aangesteek en Johan, Frans en Chris is handig met die braaitange .





‘n Vroeë oggend wandeling langs die dam lewer allerhande aangename ervarings op. Klein vistermannetjies van skaars vier jaar oud wys trots hoe groot die vis was wat hulle gevang het. ‘n Jong man kompeteer met die wind wat sy vlieër hoog die lug in optrek. Op die vêr end van die dam gaan sit Johan eers om die mooi omgewing in te drink.



Die dames berei vir ons ‘n heerlike ‘brunch’. Bettie, Elizet, Christine en Marietjie het elkeen ‘n vinger in die ‘paai’...o nee, pan!



Na ete het Chris, Bettie en Elizet bietjie gaan afkoel in die die heerlike koel swembadwater, maar nou is dit weer tyd om bietjie te werk en Elizet trek die laptop nader terwyl Johan sit en televisie kyk. Christine en Frans lag te lekker vir Frans se lawwigheid.





Marietjie kom met die blink idee om haar klein potjies en pannetjies saam te bring sodat elkeen sy eie potjiekos kan maak. Wat 'n gesellige geleentheid was dít nou nie! Uithaler kokke kom skielik te voorskyn. Aan die einde word die potjie vervang met 'n piepklein pannetjie en word daar pannekoekies gebak met kaneelsuiker of sjokolade vulsel wat maak dat mens moeilik ophou!



Elizet en Frans wys die regte grootte van die potte en panne. Ai Frans, die ander glimlag asseblief!!!



Voor die einde van die naweek móét mens 'n draai maak by die ou kerkmurasie en die brakkies móét vir 'n laaste keer gaan pootjies natmaak in die dam. Maar dan is dit weer tyd vir huis toe gaan en móét mens maar oppak. Kiara en Pumba wag geduldig hulle beurt af om gelaai te word.



Lekker was darem nog nooit sleg nie!